

## Kennisgewing van Omgewingsmagtigingsproses

### VOORGESTELDE ONDERSESE TELEKOMMUNIKASIESTELSEL (EQUIANO KABELSTELSEL) WAT GELAND GAAN WORD BY MELKBOSSTRAND OP DIE WESKUS VAN SUID-AFRIKA

Kennis word hiermee gegee, in terme van die OIS Regulasies wat gepubliseer is onder die Wet op Nasionale Omgewingsbestuur, 1998 (Wet Nr. 107 van 1998) (NEMA), (soos gewysig) van Openserve ('n Afdeling van Telkom SA SOC Bpk) se intensies om 'n onderseese telekommunikasiekabel, bekend as die Equiano Kabelstelsel, te installeer om Suid-Afrika, die Weskus van Afrika en Europa met belangrike internasionale telekommunikasie middelpunte in Europa te verbind. As die aangewese Landingsvennoot van die Equiano Kabelstelsel in Suid-Afrika sal Openserve ook poog om plaaslike landingspermitte te verkry om die Equiano Kabelstelsel te land naby Melkbosstrand. Openserve het die vereiste lisensies om hierdie stelsel in Suid-Afrika te bedryf.

**OMGEWINGSIMPAKBEPALINGSPRAKTISYN: ACER (Africa) Environmental Consultants**

#### Ligging van die Projek

Die voorgestelde Equiano Kabelstelsel sal naby Melkbosstrand geland word en die kabel sal eindig by die Telkom Kabel landingstasie in Melkbosstrand.

#### Omgewingsmagtiging

In terme van die gewysigde OIS Regulasies, wat gepubliseer is onder die Wet op Nasionale Omgewingsbestuur, 1998 (Wet Nr. 107 van 1998) (NEMA), soos gewysig, vereis die voorgestelde ontwikkeling van die Equiano Kabelstelsel omgewingsmagtiging via die onderneming van 'n Omgewingsimpakstudie (OIS) vir 'n aantal gelyste aktiwiteite naamlik:

Gelyste Aktiwiteite	
Kennisgewing 1: No. R. 327 van April 2017	Aktiwiteite 15, 17, 18 en 19A
Kennisgewing 2: No. R. 325 van April 2017	Aktiwiteite 14 en 26

Op grond van die huidige OIS - regulasies is die Nasionale Departement van Omgewing, Bosbou en Visserye (DOBV) die bevoegde owerheid vir die uitreiking van omgewingsmagtiging vir hierdie voorgestelde ontwikkeling. Indien 'n Watergebruiks lisensie vereis sou word, sal 'n aansoek ingedien word by die Departement van Menslike Nedersettings, Water en Sanitasie in terme van Hoofstuk 4 van die Nasionale Waterwet, 1998 (Wet 36 van 1998), veral Artikel 40(4). Daar word verwag dat hierdie proses teen September 2020 voltooi sal word.

#### Uitnodiging om Deel te Neem

Belanghebbendes en Geaffekteerde Partye word versoek om by ACER te registreer en hulle kommentaar te verskaf. 'n Agtergrondsinligting en Kennisgewing Brief, insluitend 'n Registrasie- en Kommentaarblad, kan van die Openbare Deelnamekantoor bekom word.

**Neem kennis dat in terme met GNR 326, 42(a), 44 (1) en 19(1)(a) (7 April 2017), alle kommentaar en reaksies wat ontvang word, in 'n verslag oor kommentaar en reaksies vervat sal word. Dit sal aan die bevoegde owerheid beskikbaar gestel word en as deel van die openbare oorsigproses van die OIS- verslae in die openbare domein geplaas word.**

Vir verdere inligting, kontak asseblief:  
Carina Boonzaaier of Giles Churchill  
Posbus 503, Mtunzini, 3867  
Tel: 035 340 2715; Faks: 035 340 2232  
E-pos: equiano@acerafrica.co.za

